BEPALINGS EN VOORWAARDES: AITSA TOEKENNINGS
MyKunstenaar: Publieke Stemme
(hierna verwys as MyKunstenaar)

1. Bepalings en voorwaardes

- Die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings is ‘n onafhanklike kompetisie en kunstenaars, liedjieskrywers en vervaardigers word uitgenooi om in te skryf, ongeag of hulle by ‘n platemaatskappy geaffilieer is of nie.
- Al die kunstenaars wat vir die Aitsas 2024 ingeskryf het in die kategorie Kontemporêr, Ballade, Pop, Geestelik, Instrumentaal, Nuweling, Klassiek, Boeremusiek, HipHop en Alternatief/Rock kom in aanmerking vir die MyKunstenaar-toekenning.
- Alleenlik die hoogste aantal publieke ondersteuning sal uiteindelik die wenner in hierdie kategorie bepaal.

2. Stemperiode

- Sms-lyne vir die eerste rondte stemme in die MyKunstenaar-toekenning open op 10 Junie 2024 tot en met middernag op 12 Julie 2024.
- Die Top 12 kunstenaars in die MyKunstenaar-kategorie word aangewys tydens die Nominasiefunksie op 23 Julie 2024.
- Sms-lyne vir die tweede rondte stemme open dan weer op 24 Julie 2024, direk na die bekendmaking van die Top 12 en sluit om middernag op 30 Augustus 2024.
- Stemme deur die publiek vir rondte twee kan beide per sms of op die webblad gedoen word.
- Die wenner in hierdie kategorie word aangewys op 18 September 2024 tydens die Aitsa Toekenningsgeleentheid.
- Alle stemme moet die organiseerders voor die vasgestelde afsnytyd bereik en geen laat sms’e sal aanvaar word nie.

3. Meganika / Hoe om te stem

- Om vir jou gunsteling kunstenaar te stem, moet deelnemers die woord AITSA, gevolg deur die kunstenaar se kodewoord, sms na 47887.
- Sms’e in hoofletters en/of kleinletters sal aanvaar word.
- Sms’e waar die kunstenaar se naam of naam en van gebruik word, sal aanvaar word.
- Voorsiening word gemaak waar kunstenaars se name en/of vanne moontlik verkeerd gespel word.
- U sal 'n terugboodskap ontvang om te bevestig dat u stem suksesvol ontvang is.
- Slegs een stem per kunstenaar per unieke selfoonnommer word toegelaat.
- Elke kunstenaar sal vooraf ‘n Aitsa-grafika ontvang om op o.a. sosiale media te deel.

4. Algemeen

- Slegs stemme wat op die geregistreerde nommer 47887 ontvang word, sal in aanmerking geneem word.
- Kostes per sms beloop R2 elk.
- Die stemuitslag sal deur Pretoria FM se ouditeure geverifieer word.
- Pretoria FM, namens die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings is geregtig om die bepalings en voorwaardes te wysig waar dit nodig geag word. Sodanige wysigings kan verband hou met enige aspek van die stemming.
- Die wysigings kan die toevoeging of skrapping van enige bestaande en/of voorgestelde bepalings en voorwaardes van die stemming insluit.
- Die voorgestelde wysigings kan voor die aanvangsdatum van die stemming en gedurende die veldtog gedoen word. Wysigings kan moontlik daartoe lei dat die veldtogtydperk verkort of verleng word soos nodig geag.
- Dit is die verantwoordelikheid van die deelnemer/publiek om gereeld die webwerf waar die stemreëls beskikbaar gestel word na te gaan vir enige wysigings.
- Deur jou deelname gee jy toestemming dat Pretoria FM en die borge jou mag kontak vir bemarkingsdoeleindes.
- As die bepalings en voorwaardes van die stemming gewysig word, word sodanige wysigings onmiddellik van krag of op die datum soos deur die organiseerder bepaal.

- Geen deelnemer sal enige eis teen die organiseerder hê weens enige wysiging van hierdie bepalings en voorwaardes, beëindiging of opskorting van die kompetisie in ooreenstemming met hierdie bepalings en voorwaardes nie.
- Indien die Aitsa Afrikaanse Musiektoekenningstrust om enige rede buite sy redelike beheer nie kan voortgaan met hierdie kompetisie nie, of as dit vereis word deur enige regulatoriese bepalings of toepaslike wetgewing, kan die Aitsa Musiektoekenningstrust of Pretoria FM die stemlyn sluit op voorwaarde dat:
    - Redelike kennisgewing vooraf aan alle kunstenaars gegee word.
- Alle deelnemers vrywaar die organiseerder van enige eis van welke aard ook al wat voortspruit uit en/of uit hul deelname op enige manier aan hierdie kompetisie (insluitend, as gevolg van enige handeling of versuim, of dit nou nalatig is of andersins deur die organiseerder).
- Alle navrae kan gerig word aan e-posadres: navrae@aitsas.co.za.